VulaLearn

# *Afrikaans Eerste Addisionele Taal*

# *Graad 10*

# *Leestekens*

## Notas

| | | |
|---|---|---|
| **Komma** , | tussen twee of meer byvoeglike naamwoorde | *Die **aantreklike, lang** man is 'n dokter.* |
| | na 'n aangesprokene | *Chris, jy moet jou kos opeet.* |
| | voor en na ekstra inligting (parentese) | *Die man, **wat gister ook hier was,** se baadjie is geskeur.* |
| | tussen twee werkwoorde | *As jy oor die grasperk **loop, sal** jy by die hek uitkom.* |
| **Punt** . | dui einde van 'n sin aan | *Ek drink soet koffie.* |
| | afkortings | *i.v.m. (in verband met); Ma. (Maandag);* |
| **Vraagteken** ? | na 'n vraagsin | Wat het die man gesê? |
| | retoriese vrae | Moet ek altyd so swaarkry? |
| **Dubbelpunt** : | direkte rede | 'Susan sê: "Ek moet nuwe skoene koop. |
| | voor 'n verduideliking | Ek benodig die volgende: appels, melk en suiker. |
| **Kommapunt** ; | voor voegwoorde in **groep 2** | dus; daarom; nogtans ens. |
| | in die **plek van** 'n voegwoord | Ek is nie honger nie; ek het nou net geëet. i.p.v. Ek is nie honger nie, want ek het nou net geëet. |
| **Aandagstreep** — | dui 'n lang pouse aan en beklemtoon die woorde wat daarna volg | Ek het nog altyd geweet daar is iets fout – nou is dit bevestig. |
| | voor en na ekstra inligting (parentese) | Ek het – soos ek jou vroeër gesê het – die foon neergesit. |
| **Uitroepteken** ! | na 'n bevel of uitroep | Bly nou dadelik stil! Sjoe, dis 'n pragtige dag! |
| **Ellips/beletselteken** ... | Waar woorde weggelaat is, dikwels in letterkundige werk | Die dag toe ek alles verloor het ... |
| **Hakies** ( ) | voor en na ekstra inligting (parentese) | Die man (ek het jou gister van hom vertel) het vir my blomme gegee. |
| **Aanhalingstekens** " " | direkte woorde word aangedui | "Katie, ek wil met jou praat." |
| | woorde uit 'n ander taal | Dit was 'n "funky" paar skoene. |